RUIMSIG GEMEENTE

# Ruimsig Gemeente Standpuntdokument – Geboue/Perseel

Tydens die voorbidding (Ef. 6:18, Luk. 11:1–13) vir geboue en fasiliteite, wat eie is aan 'n gemeente, was die ervaring dat die Here vir die Gemeente iets wil gee wat meer as 'n kerkgebou is. 'n Tradisionele kergebou staan ses dae 'n week leeg en word nie vir veel meer as kerkdienste gebruik nie. Na jare se gebed het Ruimsig Gemeente (RG) die geleentheid gekry om Mount Usambara aan te koop. Dit is 'n perseel wat deur verskeie groepe mense gebruik is oor die jare vir konferensies, troues, matriekafskeide en verjaarsdagpartytjies. (Luk. 6:38)

Om hierdie dienste te bly lewer aan die gemeenskap is daar besluit om 'n maatskappy te stig wat die perseel se uitverhuringfunksie sal behartig. (Gen. 2:15; Rom 14:12) Die maatskappy se naam is "Ruimsig Convention Centre" (RCC).

Ruimsig Gemeente is 'n 100% aandeelhouer in RCC. Die Gemeente is dankbaar om die gemeenskap so te bly dien en dat dit ook deel kan vorm van die getuienis van Jesus se onvoorwaardelike liefde vir die mensdom. (Fil. 2:1-11) RG wil graag soveel moontlik voete op die perseel kry, sodat die gebou nie net nog 'n kerk is wat ses dae 'n week leeg staan nie, maar dat die perseel ten volle benut word. RCC dien dan as 'n sleutel vir die Gemeente se

evangelisasie-strategie. (Matt. 9:36-38; Matt. 28:19; Hand. 1:8) Die droom is dat wanneer die publiek die perseel besoek, hulle iets anders sal ervaar en dat die persone/personeel wat die publiek dien, werklik vir hulle omgee. (Joh. 13:34-35)

RCC skep ook 'n geleentheid om addisionele inkomste te bekom vir die Gemeente. (Deut. 8:17) Navorsing toon dat tradisionele geboue die inkomste van die gemeente dreineer oor tyd en daar is tans verskeie gemeentes in Suid-Afrika wat ondergang in die gesig staar, omdat die gemeente nie die geboue kan onderhou nie. (Luk. 16: 1–13) Nodeloos om te sê dat dit ook beteken dat hierdie gemeentes nie veel in terme van bediening kan doen nie, aangesien die grootste gedeelte van die inkomste aan die geboue spandeer word. RG se droom is dat die gebou onderhou word deur RCC, maar dat laasgenoemde ook met verloop van tyd meer inkomste sal genereer vir bediening. Dit word beskou as goeie rentmeesterskap.

Ruimsig Gemeente is wyd betrokke in die gemeenskap en verskeie welsynsorganisasies is afhanklik van die Gemeente se bydraes. (Spr. 19:17; Gal. 2:10) Daarom wil RG 'n beter verhouding met besighede in die omgewing hê, wat bereid sal wees om in die gemeenskap te belê en daarom is "Ruimsig Hope Foundation" (RHF) gestig.
RHF is 'n nie-winsgewende organisasie (artikel 18A) wat fondsinsameling kan doen vir al die welsynsorganisasies wat die Gemeente ondersteun. Dit gee ook vir besighede, sakemanne en -vroue die nodige belastingvoordeel vir hul

vrygewigheid. (1Tim. 6:17–19) Hierdie fondse sal RG in staat stel om meer te doen en om meer mense te bereik. Deur die RHF kan welsynsorganisasies gebruik maak van die geriewe van RCC teen meer billike tariewe as wat hulle andersins sou betaal by ander konferensiefasiliteite. (1Kron. 19:1–20)

<u>Na aanleiding van die bogenoemde het die ouderlinge die volgende besluit:</u>

1. RG en bedienings wat deur die Gemeente ondersteun word, sal altyd voorkeur kry met die gebruik van die perseel. (Matt. 16: 18)
2. Die feit dat die perseel ook deur RCC uitverhuur word kan soms spanning skep, maar die spanning sal bestuur word met die oog op evangelisasie en rentmeesterskap. (Hand. 6:1–7; Hand. 15:1–18)
3. Die gemeenskap moet baat by RCC, daarom sal daar gepoog word om sovêr moontlik organisasies en bedienings behulpsaam te wees met die gebruik van die perseel. (Joh. 13:1–17)
4. RG se advertensiebord sal op die perseel opgerig word om aan te dui dat dit die tuiste van die Gemeente is. (Matt. 5:13–16; Hand. 5:41–42)
5. Christelike simboliek, tekens en ikone sal opgerig word waar dit van pas is vir die Gemeente, saam met insette van die nodige kundiges, sodat daar nie afbreek gedoen word aan die estetika van die gebou nie. (Eks. 31:2; Eks. 35: 31)